

**Vrydag 16 Oktober**

**Skrifgedeelte: Sefanja 2:8-10**

**Fokusgedeelte: Sefanja 2:8 ,9 (1933/53-vertaling)**

**God verander smaad in eer vir hulle wat volhard**

**N**adat Sefanja die oordeel oor Israel se westelike en suidwestelike bure in die vorige verse beskryf het, gaan hy oor na die oostelike bure: Moab en Ammon. Hulle was die nageslag van Lot (Gen. 19:36-38) en dus familie van die Israeliete. Sedert die begin sien ons egter dat veral Moab, maar ook die Ammoniete 'n tipe jaloesie en vyandskap teenoor Israel openbaar. Ons lees gereeld in die Ou Testament van oorloë en onderdrukking tussen hulle en Israel.

In vers 8-10 lees ons nou hoe Moab en die Ammoniete hulle verlekter het in die Here se tugtiging van Juda. Hoogmoedig het hulle minagtend op Juda neergesien en hulle gesmaad (beledig en verkleineer). Hierdie oortreding is egter nie net 'n sonde teen Juda nie, maar hulle het God self beledig en verkleineer. Vanweë hulle familiebande sou hulle geweet het dat God vir Juda uitverkies het om deur hulle sy verlossing aan die wêreld te bring. Boonop het die nasies in daardie tyd ook geglo dat as jy 'n ander volk verkleineer, jy ook daardie volk se god verkleineer. Juis daarom is die Here se uitspraak teen Moab en Ammon so absoluut en onveranderbaar. Lot en sy gesin wat destyds uit Sodom en Gomorra gered is, se nageslag sal nou soos Sodom en Gomorra vernietig word!

Vir 'n tweede maal in hierdie hoofstuk bevestig die Here dat daar 'n oorblyfsel in Juda sal wees. Hulle wat volhard het, sal nou ook die vrug en grondgebied van Moab en Ammon verkry.

Uit die nageslag van hierdie oorblyfsel het Christus gekom om God se vyande wat sy Naam smaad, te vernietig. Elkeen wat Hy uitgekies het, wat in Hom glo en bly volhard, verlos Hy van alle smaad van hierdie wêreld en gee Hy uiteindelik die grondgebied van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

*Sing: Psalm 79-1:3, 5, 9*

*Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop-Mariental)*